

Die gesag van die Bybel

Dit is tipies mens om 'n rolmodel vir jou lewe te soek. Vir Timoteus was Paulus 'n rolmodel. Paulus noem ook dat Timoteus hom “nagevolg” het “in geloof, geduld, liefde en volharding” en selfs “in vervolging en ontbering” (2 Tim 3:10-12). Paulus was 'n goeie rolmodel! Tog bind Paulus Timoteus nie aan hom vas deur dit wat hy aan hom skryf nie. Natuurlik kan hy teenoor die jonger Timoteus aanspraak maak op sy gesag as apostel of op die gesag van sy meerdere kennis en bedieningservaring, maar Paulus vervang homself as rolmodel eerder met die waarheid en gesag van die Skrif.

Waar dit nie gebeur nie loop mense die gevaar om rolmodelle (“leermeesters”) volgens “eie begeertes” te kies (2 Tim 4:3). Sulke rolmodelle en hulle gedrag is dikwels niks meer as 'n idealisering van 'n mens se eie fantasieë (“verdigsels”) nie. Hulle help jou van die wal in die sloot.

In die donker tye van vervolging wat vir Timoteus voorlê, tye waar dinge van kwaad na erger gaan (2 Tim 3:13), en in die harde werk en baie take wat op hom wag (2 Tim 4:5), mag Timoteus hom nie besig hou met fantasieë nie. Hy moet nugter by die waarheid van die evangelie bly (2 Tim 4:5). Dieselfde geld natuurlik vandag nog! Ons kan nie op mense vertrou nie. Dit is tyd dat die Skrif weer sy gesagvolle plek in ons lewe inneem.

Wat gebeur as die Skrif só jou rolmodel vervang? Paulus (en Art 5) noem drie dinge:

Jou geloof word GERIG op die verlossing in Christus Jesus (2 Tim 3:15)

Jou geloof word GEGRONDVES omdat die Skrif alles bevat wat jy moet leef en preek (2 Tim 4:2)

Jou geloof word BEVESTIG as die Skrif jou toerus vir elke goeie werk (2 Tim 3:16-17).

DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)

~~~~~